Enige persoon wat beswaar wil maak of verhoë wil rig teen die aansoek, moet sodanige beswaar of verhoë skriftelik tot die Waarnemende Bestuurder rig by bogenoemde adres of by Posbus 4, Alberton, 1450 voor of op 12 November 2003.

Adres van applikant: Raylynne Tegnieese Dienste, Posbus 11004, Randhart, 1457.

NOTICE 3325 OF 2003

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5(5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)

I, Izak Jacobus de Kock, being the owner hereby give notice in terms of article 5(5) of the Gauteng Removal of Restriction Act, 1996, that I have applied to the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the removal of conditions number G(j) & B(k) contained in the Title Deed(s) of Erf 591 of the property(ies) as appearing in the relevant document(s), which property(ies) is situated at Springbokst 198, Wierdapark, Gauteng.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at the Department of Town Planning, c/o Basden Avenue and Rabie Street, Die Hoewes, Centurion from 15 October 2003 [the date of first publication of the notice set out in section 5(5)(b) of the Act referred to above] until 12 November 2003 [not less than 28 days after the date of first publication of the notice set out in section 5(5)(b)].

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address specified above on or before 12 November 2003 [not less than 28 days after the date of first publication of this notice set out in section 5(5)(b) of the Act referred to above].

Name and address of owner: I.J. De Kock, Springbokst 198, Wierdapark.

KENNISGEWING 3325 VAN 2003

KENNISGEWING KRAGTENS ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP DIE OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET No. 3 VAN 1996)

Ek, Izak Jacobus de Kock van die eienaar gee hiermee kennis kragtens artikel 5(5) van die Gauteng Wet op die Verwydering van Beperkings, 1996, dat ek aansoek gedoen, het by die Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit vir die verwydering van voorwaardes nommer(s) B(j) & B(k) vervat in die Transportakte(s) van Erf 591, Springbokst 198, Wierdapark, Centurion, van die eiendom(me) wat in die toepaslike dokument(e) voorkom, wat geleë is te.

Alle dokumente wat van toepassing is op die aansoek sal beskikbaar wees vir inspeksie gedurende normale kantoorure by die kantoor van die genoemde gemagtigde plaaslike bestuur te Departement Stadsbeplanning, h/v Basdenlaan en Rabiestraat, Die Hoewes, Centurion vanaf 15 Oktober 2003 [die datum van die eerste publikasie van die kennisgewing soos uiteengesit in artikel 5(5)(b) van die Wet waarna hierbo vewys word] tot 12 November 2003 [nie minder as 28 dae na die eerste publikasiedatum van die kennisgewing soos uiteengesit in artikel 5(5)(b) van die Wet waarna hierbo verwys word nie].

Enige persoon wie beswaar wil aanteken teen, of vertoë wil rig ten opsigte van die bogenoemde voorstelle moet die vertoë skriftelik indien by die genoemde gemagtigde plaaslike bestuur by die adrs wat hierbo gespesifiseer is, op of voor 12 November 2003 [nie minder as 28 dae na die eerste publikasiedatum van die kennisgewing soos uiteengesit in artikel 5(5)(b) van die Wet waarna daar hierbo verwys word nie].

Naam en adres van die eienaar: I.J. de Kock, Springbokst 198, Wierdapark.

NOTICE 3326 OF 2003

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56(1)(b)(i) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986

I, Iain Dalton, authorised agent of the owner of Lot 30, Kelly Ridge Township, situated at 55 Kelly Road, Randburg, give notice that I have made application to the City of Johannesburg for the amendment of the Randburg Town Planning Scheme, 1976. The application proposes a change in the density zoning of the abovementioned property to permit its subdivision into two portions.

Particulars of the application will lie for inspection during office hours at the Department of Development Planning, Transportation & Environment, 8th Floor, Civic Centre, Loveday Street, Braamfontein, for a period of 28 days from 15 October 2003.

Objections/representations in respect of the application must be submitted in writing, addressed to the Executive Director, Development Planning, Transportation & Environment, at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017 on or before 12 November 2003.

Address of agent: P.O. Box 668, Paulshof, 2056. (011) 803-7760.

KENNISGEWING 3326 VAN 2003

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986

Ek, Iain Dalton, gemagtigde agent van die eienaar van Erf 30, Kelly Ridge Dorp, geleë te Kellyweg 55, Randburg, gee kennis dat ek by die Stad van Johannesburg aansoek gedoen het vir die wysiging van die Randburg Dorpsbeplanningskema, 1976. Die aansoek voorstel die verandering van die digtheidsonering van die bogenoemde eiendom om sy onderverdeling in twee gedeeltes toe te laat.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die Departement van Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en die Omgewing, 8ste verdieping, Burgersentrum, Lovedaystraat, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Oktober 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet skriftelik, voor of op 12 November 2003, by die Uitvoerende Direkteur by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien word.

Adres van agent: Posbus 668, Paulshof, 2056. (011) 803-7760.

15-22

NOTICE 3327 OF 2003

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5(5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)

I, E J Kleynhans of EJK Town Planners being the authorized agent of the owner hereby give notice in terms of Section 5(5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to the Emfuleni Local Council for the removal of certain conditions contained in the Title Deed of Erf 899, Three Rivers Extension 1 Township, which property is situated at 3 Bashee Street and for the simultaneous amendment of the Vereeniging Town Planning Scheme, 1992, by the rezoning of the erf from "Residential 1" to "Special" for shops, places of refreshment, offices and with the consent of the local authority any other uses excluding noxious uses.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said local authority at the office of the Strategic Manager: Development Planning, Ground Floor, Emfuleni Municipal Offices, Beaconsfield Avenue, Vereeniging from 15 October 2003 until 12 November 2003.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing to said local authority at its address specified above or P O Box 35, Vereeniging, 1930, on or before 12 November 2003.

Name and address of owners: MM & NS Lechela, c/o P O Box 991, Vereeniging, 1930. Tel/Fax: (016) 428-2891. Reference Vereeniging Amendment Scheme N430.

KENNISGEWING 3327 VAN 2003

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP DIE OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES, 1996 (WET 3 VAN 1996)

Ek, E J Kleynhans van EJK Town Planners synde die gemagtigde agent van die eienaar gee hiermee ingevolge artikel 5(5) van die Gauteng Wet op die Opheffing van Beperkende Voorwaardes, 1996, kennis dat ek by die Emfuleni Plaaslike Raad aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere voorwaardes in die Titel Akte van Erf 899, Three Rivers Uitbreiding 1 Dorp, geleë te Basheestraat 3 en vir die gelyktydige wysiging van die Vereeniging Dorpsbeplanningskema 1992, deur die hersonering van die erf vanaf "Residensieel 1" na "Spesiaal" vir winkels, verversingsplekke, kantore en met die toestemming van die plaaslike bestuur enige ander gebruike, hinderlike bedrywe uitgesluit.

Al die relevante dokumente aangaande die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Strategiese Bestuurder: Ontwikkeling Beplanning, Grond Vloer, Emfuleni Munisipale Kantore, Beaconsfieldlaan, Vereeniging, vanaf 15 Oktober 2003 tot 12 November 2003.

Enige persoon wat besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek wil indien moet dit skriftelik na vermelde plaaslike bestuur by bovermelde adres of Posbus 35, Vereeniging, 1930, op of voor 12 November 2003 indien.

Naam en adres van eienaar: MM & NS Lechela, p/a Posbus 991, Vereeniging, 1930. Tel/Faks (016) 428-2891. Verwysing Vereeniging Wysigingskema N430.

NOTICE 3328 OF 2003

GAUTENG GAMBLING AND BETTING ACT, 1995

NOTICE OF APPLICATION BY PHUMELELA GAMING & LEISURE LIMITED FOR AN AMENDMENT OF LICENCE

Notice is hereby given in terms of Section 20 of the Gauteng Gambling and Betting Act, 1995, that Phumelela Gaming & Leisure Limited will on 15 October 2003 lodge an application for an amendment of its licence in terms of Section 34 of the Gauteng Gaming and Betting Act, 1995 to the Gauteng Gambling and Betting Board.

Agency Address: Shop 19A, Northriding Shopping Centre, cnr. Olivenhout & Hans Strydom Roads, Northriding.

Name of Agent: Ellen Shella Browne.

I.D. Number: 4907210066082.

Address of Agent: P.O. Box 1529, Randburg, 2125.

Attention is directed to the provisions of Section 20 of the Gauteng Gambling and Betting Act, 1995, which makes provision for the lodging of written representations in respect of the application.

Such representations should be lodged with the Chief Executive Officer, Gauteng Gambling and Betting Board, Private Bag X125, Centurion, 0046, not later than 15 November 2003.

(Note: One month from date of lodgement of application for amendment of licence).

Any person submitting representations should state in such representation whether or not they wish to make oral representation at the hearing of the application.

NOTICE 3329 OF 2003

NOTICE OF APPROVAL

BEDFORDVIEW AMENDMENT SCHEME 1062

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance 1986, that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Germiston Service Delivery Center) has approved the Amendment of the Bedfordview Town Planning Scheme, 1995 by the rezoning of Portion 1 and the Remainder of Erf 69, Essexwold Township from "Residential 1" to "Residential 1" with a density of one dwelling per 1000 m² subject to certain restrictive conditions.

Map 3 and the Scheme Clauses of the Amendment Scheme are filed with the Executive Director: Development Planning, 2nd Floor, Planning and Development Service Centre, 15 Queen Street, Germiston, and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Bedfordview Amendment Scheme 1062.

PAUL MASEKO, City Manager

Development Planning, P O Box 145, Germiston, 1400.

KENNISGEWING 3329 VAN 2003

KENNISGEWING VAN GOEDKEURING

BEDFORDVIEW WYSIGINGSKEMA 1062

Ingevolge artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 word hiermee kennis gegee dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Germiston Dienslewering Sentrum) die wysiging van die Bedfordview Dorpsbeplanningskema, 1995 goedgekeur het deur Gedeelte 1 en die Restant van Erf 69, Dorp Essexwold te hersoneer vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 1000 m² onderhewig aan sekere beperkte voorwaardes.

Kaart 3 en die skemaklousules van die Wysigingskema word in bewaring gehou by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, 2de Vloer, Planning and Development Service Centre, Queenstraat 15, Germiston en is te alle redelike tye ter insae beskikbaar.

Hierdie wysiging staan bekend as Bedfordview Wysigingskema 1062.

PAUL MASEKO, Stadsbestuurder

Ontwikkelingsbeplanning, Posbus 145, Germiston, 1400.

NOTICE 3330 OF 2003

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)

We, Terraplan Associates, being the authorized agent of the owner hereby give notice in terms of Section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that we have applied to the Ekurhuleni Metropolitan Municipality, Germiston Service Delivery Centre, for the removal of certain conditions contained in the Title Deed of Erf 48, Wynchwood, which property is situated at 2 Watsonia Street, Wynchwood and the simultaneous amendment of the town-planning scheme known as the Germiston Town-planning Scheme, 1985 by the rezoning of the property from "Residential 4" to "Business 4" with the inclusion of a workshop for computer based technology (repair and assembly) as well as two dwelling units, subject to the restrictive measures as contained in Height Zone 13.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at The Department of Development Planning, First Floor, Planning and Development Service Centre, 15 Queen Street, Germiston (PO Box 145, Germiston, 1400) and Terraplan Associates from 15/10/2003 until 14/11/2003.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorised local authority at its address and room number specified above on or before 14/11/2003.

Names and addresses of owner and authorized agent: Stanley Levin Remanufacturers CC, PO Box 3620, Edenvale, 1610; Terraplan Associates, PO Box 1903, Kempton Park, 1620.

KENNISGEWING 3330 VAN 2003**KENNISGEWING IN TERME VAN ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENG
OPHEFFING VAN BEPERKINGSWET, 1996 (WET 3 VAN 1996)**

Ons, Terraplan Medewerkers, synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Opheffing van Beperkingswet, 1996 kennis dat ons by die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, Germiston Diensleweringssentrum, aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere beperkende voorwaardes soos vervat in die Titelakte van Erf 48, Wychwood, geleë te Watsoniastraat 2, Wychwood, en die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Germiston Dorpsbeplanningskema, 1985 deur die hersonering van die genoemde eiendom van "Residensieel 4" na "Besigheid 4", met die insluiting van 'n werkwinkel vir rekenaar gebaseerde tegnologie (herstel en monteer), sowel as twee wooneenhede, onderworpe aan die beperkende voorwaardes soos vervat in Hoogtesone 13.

Alle besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Departement Ontwikkelingsbeplanning, Eerste Vloer, Beplanning en Ontwikkelings Dienssentrum, Queenstraat 15, Germiston (Posbus 145, Germiston, 1400) en by Terraplan Medewerkers vanaf 15/10/2003 tot 14/11/2003.

Enige persoon wat beswaar wil maak teen of verhoë wil rig ten opsigte van die aansoek, moet sodanige besware of verhoë skriftelik by die gemelde gemagtigde plaaslike owerheid by gemelde fisiese adres hierbo vermeld indien voor of op 14/11/2003.

Name en adresse van eienaar en gemagtigde agent: Stanley Levin Remanufacturers CC, Posbus 3620, Edenvale, 1610; Terraplan Medewerkers, Posbus 1903, Kempton Park, 1620.

NOTICE 3331 OF 2003**HALFWAY HOUSE AND CLAYVILLE AMENDMENT SCHEME**

I, Robert Bremner Fowler, being the authorized agent of the registered owner of the Erf 244, Halfway House Extension 12, give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the City of Johannesburg for the amendment of the town-planning scheme known as Halfway House and Clayville Town-planning Scheme, 1976, by the rezoning of the property described above, situated on Nupen Crescent in Halfway House Extension 12, from "Residential 1" to "Special" for dwelling houses, residential buildings, duplex buildings, business buildings, places of instruction, institutional uses and offices; subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation & Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein, for the period of 28 days from 15 October 2003 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Executive Director: Development Planning, Transportation & Environment, at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 15 October 2003.

Address of owner: C/o Rob Fowler & Associates (Consulting Town & Regional Planners), PO Box 1905, Halfway House, 1685. Tel No. (011) 314-2450, Fax No. (011) 314-2452. Ref No. R2113.

KENNISGEWING 3331 VAN 2003**HALFWAY HOUSE EN CLAYVILLE-WYSIGINGSKEMA**

Ek, Robert Bremner Fowler, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 244, Halfway House Uitbreiding 12 gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Stad van Johannesburg aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema bekend as Halfway House en Clayville Dorpsbeplanningskema, 1976, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë langs Nupensingel, Halfway House Uitbreiding 12 vanaf "Residensieel 1" tot "Spesiaal" vir woonhuise, woongeboue, dupleks-wooneenhede, besigheidsgeboue, onderrigplekke, institusionele gebruike en kantore; onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Kamer 8100, 8ste Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat 158, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Oktober 2003 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 15 Oktober 2003 skriftelik by of tot die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

Adres van eienaar: P/a Rob Fowler & Medewerkers (Raadgewende Stads- en Streekbeplanners), Posbus 1905, Halfway House, 1685. Tel. Nr. (011) 314-2450, Fax Nr. (011) 314-2452. Verw. Nr. R2113.

NOTICE 3332 OF 2003**NOTICE FOR THE DIVISION OF LAND**

The City of Johannesburg hereby gives notice, in terms of section 6 (8) (a) of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance 20 of 1986), that an application to divide the land described hereunder has been received.

Further particulars of the application are open for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation & Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein.

Any person who wishes to object to the application or make representations in regard thereto shall submit his objections or representations in writing and in duplicate to the above address, or at PO Box 30733, Braamfontein, 2017 any time within a period of 28 days from the date of the first publication of this notice.

Date of first publication: 15 October 2003.

Property description: Holding 58, Crowthorne Agricultural Holdings, measuring 2,1711 ha.

Number and area of proposed portions:

- Portion 1: 0,8977 ha.
- Remainder: 1,2734 ha.

Property description: Re/Holding 348, Glen Austin Extension 1, Agricultural Holdings, measuring 1,7131 ha.

Number and area of proposed Portions:

- Portion 2: 0,1585 ha (to be simult. consolidated with adjoining Holding 349, measuring 2,5696 ha).
- Remainder: 1,5546 ha.

Property description: Re/Holding 17, Glen Austin Agricultural Holdings, measuring 2,0378 ha.

Number and area of proposed portions:

- Portion 1: 0,8565 ha.
- Remainder: 1,1763 ha.

Address of agent: Rob Fowler & Associates, Consulting Town & Regional Planners, PO Box 1905, Halfway House, 1685. Tel. (011) 314-2450. Fax (011) 314-2452.

KENNISGEWING 3332 VAN 2003**KENNISGEWING VIR DIE VERDELING VAN GROND**

Die Stad van Johannesburg gee hiermee ingevolge artikel 6 (8) (a) van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie 20 van 1986), kennis dat 'n aansoek ontvang is om die grond hieronder beskryf, te verdeel.

Verdere besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Kamer 8100, 8ste Vloer, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat 158, Braamfontein.

Enige persoon wat teen die aansoek wil beswaar maak of vertoë in verband daarmee wil rig, moet sy besware of vertoë skriftelik en in tweevoud by bovermelde adres of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017 te enige tyd binne 'n tydperk van 28 dae vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing indien.

Datum van eerste publikasie: 15 Oktober 2003.

Eiendomsbeskrywing: Hoewe 58, Crowthorne-Landbouhoewes, groot 2,1711 ha.

Getal en oppervlakte van voorgestelde gedeeltes:

- Gedeelte 1: 0,8977 ha.
- Restant: 1,2734 ha.

Eiendomsbeskrywing: Restant van Hoewe 348, Glen Austin Uitbreiding 1, Landbouhoewes, groot 1,7131 ha.

Getal en oppervlakte van voorgestelde gedeeltes:

- Gedeelte 2: 0,1585 ha (sal gelyktydig met aangrens. Hoewe 349, groot 2,5696 ha gekonsolideer word).
- Restant: 1,5546 ha.

Eiendomsbeskrywing: Restant van Hoewe 17, Glen Austin-Landbouhoewes, groot 2,0328 ha.

Getal en oppervlakte van voorgestelde gedeeltes:

- Gedeelte 1: 0,8565 ha.
- Restant: 1,1763 ha.

Adres van agent: Rob Fowler & Medewerkers, Raadgewende Stadsbeplanners, Posbus 1905, Halfway House, 1685. Tel. (011) 314-2450. Faks (011) 314-2452.

NOTICE 3333 OF 2003**EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY****KEMPTON PARK SERVICE DELIVERY CENTRE****NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP**

The Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Kempton Park Service Delivery Centre) hereby gives notice in terms of section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Acting Head: Kempton Park Service Delivery Centre, Room B301, Civic Centre, corner of CR Swart Drive and Pretoria Road, Kempton Park for a period of 28 days from 15 October 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Acting Head: Kempton Park Service Delivery Centre at the above address or at PO Box 13, Kempton Park, 1620 within a period of 28 days from 15 October 2003.

For Acting Head: Kempton Park Service Delivery Centre

Civic Centre, cor C R Swart Drive and Pretoria Road (PO Box 13), Kempton Park.

15 October 2003

[Notice 68/2003 (CP 54/GM/79/5)]

ANNEXURE

Name of township: **Glen Marais Extension 79.**

Full name of applicant: Plan Web CC.

Number of erven in proposed township 2 : Special for the purpose of a Public Garage/Filling Station, Workshop, Shops, Warehouses and a Bakery.

Description of land on which township is to be established: Portion 18 (a Portion of Portion 15), Rietfontein 31 IR.

Locality of the proposed township: The site is located directly north of the T-Junction of Constantia Road with Pomona Road.

15-22

NOTICE 3334 OF 2003**NOTICE IN TERMS OF SECTION 5(5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996 (ACT 3 OF 1996)**

We, Web Consulting, being the authorized agent of the owner, hereby give notice in terms of Section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996 (Act No. 3 of 1996), that we have applied to the City of Johannesburg Metropolitan Municipality for the amendment / removal of certain conditions contained in the Title Deed T56414/86 in respect of Holding 126, Carlswald Agricultural Holdings, which property is situated on the corner of Springfield and Seventh Roads, in the Carlswald Agricultural Holdings area.

All documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the said authorised local authority at the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein, for a period of 28 days from 15 October 2003 until 12 November 2003.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorized local authority at its address and room number specified above or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, on or before 15 October 2003.

Address of agent: Web Consulting, PO Box 5456, Halfway House, 1685. Tel: (011) 315-7227.

Date of first publication: 15 October 2003.

KENNISGEWING 3334 VAN 2003**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5(5) VAN DIE GAUTENG WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996)**

Ons, Web Consulting, synde die gemagtigde agent van die eienaar, gee hiermee, ingevolge artikel 5(5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996 (Wet Nr. 3 van 1996), kennis dat ons aansoek gedoen het by die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit om die wysiging / opheffing van sekere voorwaardes in die Titelakte 56414/86 ten opsigte van Hoewe 126, Carlswald Landbouhoewes, geleë op die hoek van Springfield- en Sewendeweg in die Carlswald Landbouhoewes area.

Alle dokumente wat met die aansoek verband hou, sal tydens normale kantoorure vir besigtiging beskikbaar wees by die kantoor van die gemagtigde plaaslike bestuur by die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Kamer 8100, 8ste Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 15 Oktober 2003 tot 12 November 2003.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken of voorleggings wil maak met betrekking tot die aansoek, moet sodanige beswaar of voorlegging op skrif aan die betrokke gemagtigde plaaslike bestuur by die bostaande adres en kantoor of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, voorlê op of voor 15 Oktober 2003.

Adres van agent: Web Consulting, Posbus 5456, Halfway House, 1685. Tel: (011) 315-7227.

Datum van eerste publikasie: 15 Oktober 2003.

15-22

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1940

SCHEDULE 11

(Regulation 21)

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP: ZWARTKOP EXTENSION 24

The City of Tshwane Metropolitan Municipality hereby gives notice in terms of Section 69 (6) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application are open to inspection during normal office hours at the office of the Co-ordinator: City Planning, Department of Town Planning, Municipal Offices, corner Basden Avenue and Rabie Street, Centurion, for a period of 28 days from 8 October 2003 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged in writing and in duplicate with the Co-ordinator: City Planning at the above office or posted to him/her at PO Box 14013, Lyttelton, 0140, within a period of 28 days from 8 October 2003.

(16/3/1/1050)

Acting General Manager: Legal Services

8 October 2003

15 October 2003

(Notice No. 711/2003)

ANNEXURE

Name of township: Zwartkop Extension 24.

Full name of applicant: Web Consulting.

Number of erven and proposed zoning: 2 Erven: Commercial.

Description of land on which township is to be established: Portion 47 (a portion of Portion 44) of the farm Brakfontein 390 JR.

Locality of proposed township: The proposed township is situated on the north-eastern corner of Suid and Maple Tree Streets, Zwartkop, Centurion.

Reference: 16/3/1/1050.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1940

SKEDULE 11

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP: ZWARTKOP UITBREIDING 24

Die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit gee hiermee ingevolge Artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek deur hom ontvang is om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig.

Besonderhede van die aansoek lê gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Koördineerder: Stadsbeplanning (Navraekantoor), Departement Stadsbeplanning, Munisipale Kantore, h/v Basdenlaan en Rabiestraat, Centurion, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003 (die datum van eerste publikasie van hierdie kennisgewing) ter insae.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003 skriftelik in tweevoud by die Koördineerder: Stadsbeplanning by bovermele kantoor ingedien of aan hom/haar by Posbus 14013, Lyttelton, 0140, gepos word.

(16/3/1/1050)

Waarnemende Hoofbestuurder: Regsdienste

8 Oktober 2003

15 Oktober 2003

(Kennisgewing No. 711/2003)

BYLAE

Naam van dorp: Zwartkop Uitbreiding 24.

Volle naam van aansoeker: Web Consulting.

Aantal erwe en voorgestelde sonering: 2 Erwe: Kommersieel.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 47 ('n gedeelte van Gedeelte 44) van die plaas Brakfontein 390 JR.

Ligging van voorgestelde dorp: Die voorgestelde dorp is geleë op die noordoostelike hoek van Suid- en Maple Treestrate, Zwartkop, Centurion.

Verwysing: 16/3/1/1050.

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1941

SCHEDULE 11

(Regulation 21)

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The City of Johannesburg hereby gives notice in terms of Section 96 (3), read with Section 96 (6) (a), of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), that an application to establish a township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transport and Environment, Room 8100, 8th Floor, A Block, Metropolitan Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein, for a period of 28 days from 8 October 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Executive Director at the above address or at PO Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 8th of October 2003.

ANNEXURE

Name of township: President Park Extension 8.

Full name of applicant: Peter Wittmer and Magdalena Elizabeth Riese.

Number of erven in proposed township: Erf No 1, "Special" for a service station/public garage. Erven No 2 and 3, "Special" for road purposes. Erf No 4, "Special" for roads, servitudes and services. Erf No 5 "Residential 2". Erf No 6, "Business 2".

Description of land on which township is to be established: Portion 2, and the Remaining Extent of Holding 163, President Park Agricultural Holdings.

Location of proposed township: The proposed township is located on the north-western corner of Modderfontein and Republic Roads in the President Park Agricultural Holdings area.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1941

BYLAE 11

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stad van Johannesburg gee hiermee ingevolge Artikel 69 (6) (a), saamgelees met artikel 96 (3), van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), kennis dat aansoek om 'n dorp te stig, in die Bylae hierby genoem, ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Beplanning, Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Kamer 8100, 8ste Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat 158, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003 skriftelik en in tweevoud by bovermelde adres of by die Uitvoerende Direkteur by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

BYLAE

Naam van dorp: President Park Uitbreiding 8.

Volle naam van aansoeker: Peter Wittmer en Magdalena Elizabeth Riese.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Erf No. 1, "Spesiaal" vir 'n motorhawe. Erwe No. 2 en 3, "Spesiaal" vir paddoeleindes. Erf No. 4, "Spesiaal" vir paddoeleindes, serwitute en dienste. Erf No 5 "Residensieel 2". Erf No 6, "Besigheid 2".

Beskrywing van grond waarop die dorp gestig staan te word: Gedeelte 2, en die Resterende Gedeelte van Hoewe 163, President Park Landbouhoewes.

Ligging van voorgestelde dorp: Die voorgestelde dorp is geleë op die hoek van Modderfontein- en Republieklaan in die President Park Landbouhoewes-gebied.

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1942

SCHEDULE 11

(Regulation 21)

NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality hereby gives notice in terms of Section 69(6)(a), read with Section 96(3), of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, Room 8100, 8th Floor, A-Block, Metropolitan Centre, Braamfontein, for a period of 28 (twenty eight) days from 8 October 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Executive Director at the above address or at P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 (twenty eight) days from 8 October 2003.

ANNEXURE

Township: Summerset Extension 17.

Applicant: WEB Consulting on behalf of Philip Cronje.

Number of erven in proposed township: Erven 1 and 2: "Residential 2" with a density of 15 dwelling units per hectare.

Description of land on which township is to be established: Portion 450 (a portion of Portion 79) of the farm Witpoort 406-J.R.

Location of proposed township: The site is situated in the north-western portion of the Midrand Area, along Mimosa Road, close to the corner of Mimosa and Garden Roads, Midrand.

P. MOLOI, Municipal Manager

City of Johannesburg Metropolitan Municipality

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1942

BYLAE 11

(Regulasie 21)

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit gee hiermee ingevolge Artikel 69(6)(a), gelees met Artikel 96 (3), van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Kamer 8100, 8ste Verdieping, A-Blok, Metropolitaanse Sentrum, Braamfontein, vir 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 8 Oktober 2003.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 (agt-en-twintig) dae vanaf 8 Oktober 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Uitvoerende Direkteur by bovermelde adres, of by Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word.

BYLAE

Naam van dorp: Summerset Uitbreiding 17.

Naam van Applikant: WEB Consulting namens Philip Cronje.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Erwe 1 en 2: "Residensieel 2" met 'n digtheid van 15 wooneenhede per hektaar.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Gedeelte 450 ('n gedeelte van Gedeelte 79) van die plaas Witpoort 406-J.R.

Ligging van voorgestelde dorp: Die eiendom is geleë in die noordwestelike gedeelte van die Midrand Area, aangrensend aan Mimosaweg, naby aan die hoek van Mimosa- en Gardenweg, Midrand.

P. MOLOI, Munisipale Bestuurder

Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1943**EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY: BRAKPAN SERVICE DELIVERY CENTRE****NOTICE OF APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF TOWNSHIP**

(Notice 31 of 2003)

The Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Brakpan Service Delivery Centre) hereby give notice in terms of Section 69 (6) (a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), read with Section 96(3) of the said Ordinance, that an application to establish the township referred to in the Annexure hereto, has been received by it.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Manager: Brakpan Delivery Centre, Room 150, Civic Centre, for a period of 28 days from 8 October 2003.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing and in duplicate to the Manager: Brakpan Service Delivery Centre at the above address or at P.O. Box 15, Brakpan, 1540, within a period of 28 days from 8 October 2003.

PAUL MAVI MASEKO, City Manager

ANNEXURE

Name of township: Sunair Park Extension 6.

Full name of applicant: Pine Pienaar Town and Regional Planners.

Number of erven in proposed township: Residential 1: 48; Private Road: 1.

Description of land on which township is to be established: Holding 34, Rand Collieries A.H.

Situation of proposed township: South of the Brakpan CBD and adjacent to Holding 46, Sunair Park, Holding 47 and Holding 49.

Reference No.: 12/3/154.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1943

EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT: BRAKPAN DIENSLEWERINGSENTRUM

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM STIGTING VAN DORP

(Kennisgewing 31 van 2003)

Die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Brakpan Diensleweringssentrum) gee hiermee ingevolge Artikel 69 (6) (a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), gelees met Artikel 96(3) van die gemelde Ordonnansie, kennis dat 'n aansoek om die dorp in die Bylae hierby genoem, te stig, deur hom ontvang is.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Bestuurder: Brakpan Diensleweringssentrum, Kamer 150, Burgersentrum, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Oktober 2003 skriftelik en in tweevoud by of tot die Bestuurder: Brakpan Diensleweringssentrum by bovermelde adres of by Posbus 15, Brakpan, 1540, ingedien of gerig word.

PAUL MAVI MASEKO, Stadsbestuurder

BYLAE

Naam van dorp: Sunair Park Uitbreiding 6.

Volle naam van aansoeker: Pine Pienaar Stads- en Streeksbeplanners.

Aantal erwe in voorgestelde dorp: Residensieel 1: 48; Privaat Pad: 1.

Beskrywing van grond waarop dorp gestig staan te word: Hoewe 34, Rand Collieries Landbouhoewes.

Ligging van voorgestelde dorp: Suid van Brakpan-sakekern en aangrensend aan Hoewe 46, Sunair Park, Hoewe 47 en Hoewe 49.

Verwysingsnommer: 12/3/154.

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1944

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY: ALBERTON SERVICE DELIVERY CENTRE

AMENDMENT SCHEME 1402

It is hereby notified in terms of section 57(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that the Ekurhuleni Metropolitan Municipality has approved the amendment of the Alberton Town Planning Scheme, 1979 by the rezoning of Erf 512, New Redruth, from "Residential 1" to "Residential 3".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director-General: Gauteng Provincial Administration, Development Planning and Local Government, 8th Floor, Corner House, 63 Fox Street, Johannesburg and the Acting Head: Alberton Service Delivery Centre and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Alberton Amendment Scheme 1402 and shall come into operation 56 days from date of publication of this notice.

P M MASEKO, Municipal Manager

Civic Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton

Notice No. 97/2003

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1944

EKURHULENI METROPOLITAANSE MUNISIPALITEIT: ALBERTON DIENSLEWERINGSENTRUM

WYSIGINGSKEMA 1402

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van artikel 57(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit goedgekeur het dat die Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Erf 512, New Redruth, vanaf "Residensieel 1" na "Residensieel 3".

Kaart 3 en die skemaklousules word in bewaring gehou deur die Direkteur-generaal: Gauteng Provinsiale Administrasie: Ontwikkelingsbeplanning en Plaaslike Regering, 8ste Vloer, Corner House, Foxstraat 63, Johannesburg en die Waarnemende Hoof: Alberton Diensleweringsentrum, Alberton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Alberton Wysigingskema 1402 en tree 56 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in werking.

P M MASEKO, Munisipale Bestuurder

Alwyn Taljaard-laan, Alberton

Kennisgewing No. 97/2003

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1945

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY (SPRINGS SERVICE DELIVERY CENTRE)

NOTICE OF INTENTION TO ESTABLISH TOWNSHIP BY LOCAL AUTHORITY: SELECTION PARK EXTENSION 4

The Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Springs Service Delivery Centre) hereby gives notice in terms of section 108(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that it intends establishing a township consisting of the following erven:

On a portion of Portion 9, Portion 84, Portion 89, the Remainder of Portion 91 and Portion 160 (a portion of Portion 91) of the farm Daggafontein No. 125 IR.

USE ZONE	ERF NUMBERS
Special with Annexure 3	1
Business 2	2
Municipal	3 and 5
Institutional	4
S.A.R.	6

Further particulars of the township will lie for inspection during normal office hours at the office of the Acting Director: Corporate Services, Civic Centre, Springs, Room 306, for a period of 28 days from 8 October 2003.

Objections to or representations in respect of the township must be lodged with or made in writing to the Acting Director: Corporate Services at the above address or P.O. Box 45, Springs, within a period of 28 days from 8 October 2003.

Approximate Centre of Township:

Survey System: LO-29

Number and area of Co-ordinates: X: 29 08500

Y: 54585

(14/3/3/26/4/HAOV)

G.A. WILLEMSE, Acting Director: Corporate Services

Civic Centre, Springs

17 September 2003

(Notice No. 47/2003)

8-15

LOCAL AUTHORITY NOTICE 1962

EKURHULENI METROPOLITAN MUNICIPALITY

NOTICE OF PROPOSED PERMANENT CLOSURE, ALIENATION, DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME AND PROPOSED EXEMPTION FROM ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT REGULATIONS

Notice is hereby given in terms of sections 68 and 79 (18) of the Local Government Ordinance, 1939, as well as section 28 (1) (a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that it is the intention of the Springs Service Delivery Centre, Ekurhuleni Metropolitan Municipality to permanently close and alienate Erf 775, Casseldale, Springs, and that a draft town-planning scheme to be known as Amendment Scheme 153/96 has been prepared by it.

This scheme is an amendment scheme and contains the following proposal:

"The rezoning of Erf 775, Casseldale, Springs, from "Public Open Space" to "Special" with an annexure stating the following:

- The property may be utilised for the storage, display and selling of concrete garden products and a place of refreshment subservient to the main use.
- Access to the property may only be obtained from Clydesdale Road at the junction thereof with Broom Road.
- Parking must be provided on site,

